Vors

Les 5: Treur tot troos

(Pre-tiener les Gr 4 -6)

Skrifgedeelte:

Verskeie verse uit 1 en 2 Samuel

Doel:

Dat kinders sal leer om emosies, veral hartseer te identifiseer, dit te erken (acknowledge) en te verbaliseer en dat hulle ook sal weet dat hulle met God kan praat oor enige emosie wat hulle ervaar en troos by Hom kan vind.

Van treur na troos - 'n reis deur tyd

Inleidingsaktiwiteit:

- Watter stories het jy onlangs gehoor wat jou regtig hartseer gemaak het? Kinders vertel.
- Hoe kan jy so 'n hartseer persoon troos?
- Kom ons pak 'n troostassie, om iemand wat hartseer is te troos. Wat dink jy moet ons alles in die tassie pak?

Bv. 'n troos Bybelvers (Jeremia 31:13), 'n pakkie "tissues", 'n goeie vriend, 'n teddiebeer, 'n salfie en pleister, 'n troosstorie uit die Bybel, 'n teesakkie, lekkertjie.

Daar is iemand in die Bybel wat baie hartseer in sy lewe beleef het, maar hy het egter nie 'n troostassie gehad nie. Kom ons kyk of julle kan agterkom wie dit is. Hier is 'n paar leidrade.

1. Hy was die jongste kind.
2. Hy was dapper.
3. Hy kon 'n musiekinstrument speel.
4. Die Here was by hom.

Dit is Dawid...
kom ons kyk na die hartseer dinge wat met hom gebeur het.



Stap deur die Woord:

Swaard in die skede (Kinders kyk wie eerste die vers kan vind. Kind wat wen, kan die vers hardop lees of iemand vra om dit te lees.)

1 Samuel 30:3-6a
(Stad afgebrand en vroue en kinders weggevoer deur vyande)
2 Samuel 1:5,11
(Dawid treur oor Saul en Jonatan wat gesterf het)
2 Samuel 12:15-18
(Dawid en Batseba se baba sterf)
2 Samuel 15:13-14
(Dawid moet vlug vir sy seun Absalom wat hom wil onttroon)
2 Samuel 19:1-4
(Dawid treur oor Absalom se dood)

Geselstyd:

Gesels oor die volgende: (Kinders kan in kleingroepies werk en dan aan die grootgroep terugvoering gee.)

- Kyk na die gesiggies op die kaart (heel agterste bladsy, bl.20). Behalwe die hartseer wat Dawid gevoel het, watter ander emosies het hy ook dalk gevoel? Motiveer. (Sien voorbeeld van die gesiggies-emosies kaart op bl 20.)
- Wat in ons troostassie sou vir Dawid kon help of troos?

Al wat vir Dawid se seer hart sou kon help, was 'n troosvers uit die Bybel en 'n vriend om by hom te wees.

God wil ons beste vriend wees en Hy is al een wat ons regtig kan troos. Hy is altyd by ons. Hy doen dit op verskillende maniere bv.:
• deur die Bybelgedeelte wat jy lees
• of dat Hy vir jou 'n rustigheid in jou binneste gee
• of dat hy mense stuur waarmee jy kan gesels en wat jou kan troos.

• Uit die bogenoemde gedeelte, watter dinge het Dawid gedoen om te wys dat hy regtig hartseer is? (Bv. Hy het hardop gehuil, sy klere geskeur, hy het op die vloer gelê en wou nie eet nie, ens.)
• Hoe wys ons vandag dat ons hartseer is of is dit "uncool" om te wys dat jy hartseer is?

Toepassing:

Met elkeen van ons gebeur daar hartseer dinge en ons mag soos Dawid wys hoe ons voel. En elkeen van ons het 'n troostassie nodig.

• Dawid het gewys as hy hartseer was, ons kan wys as ons hartseer is.
• Dawid het soms gehuil, ons mag maar huil.
• Dawid het mense gehad wat vir hom omgee en troos, ons moet mense toelaat om ons te troos en te bemoedig.
• Dawid het gewys hoe hy voel, ons mag maar wys hoe ons voel.
• Ons kan eerlik wees met God en vir Hom sê hoe ons voel, soms hartseer en kwaad op dieselfde tyd bv. oor ouers wat geskei is, iemand wat dood is, ens.

Gebed:

Here help my om te wys hoe ek voel en toe te laat dat U my troos. Dankie dat U altyd by my is. In goeie en in swaarkry tye. Amen

Afsluitings aktiwiteit:

Elke kind kry 'n kaartjie met gesiggie op en agterop staan daar… Die Here was by Dawid (selfs in sy hartseer tye) die Here is ook by jou!